



EKONOMIESE- EN MARKOORSIG

Donald Trump is as die 47ste president van Amerika verkies. Die Republikeine het beheer oor die Senaat verkry en ook hul beheer oor die Huis van Verteenwoordigers behou.

Hierdie wegholorwinning beteken dat daar 'n veel groter kans is dat Trump se voorgestelde beleide geïmplementeer sal word as wat die geval sou wees indien die Demokrate beheer oor die Senaat behou het.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se Monetêre Beleidskomitee (MBK) het die rentekoerse met 'n verdere 25 basispunte na 7.75% verlaag, die tweede verlaging in hierdie siklus. Hierdie wyd-verwagte besluit was eenparig met alle lede ten gunste daarvan. Volgens die Reserwebank se voorspelling sal rentekoerse in die toekoms verder verlaag, en "net bo 7%" stabiliseer. Hulle beklemtoon egter steeds dat hierdie koers wat deur hul vooruitskattingsmodel voorspel word, slegs 'n "breë beleidsriglyn" is.

Volgens die goewerneur, Lesetja Kganyago, word daar verwag dat Suid-Afrika se inflasie tot middel-2025 onder 4.0% sal bly, in die derde kwartaal van 2025 na 4.3% sal styg en in die vierde kwartaal na 4.6%. Die BBP-groeivooruitskatting is onveranderd gelaat teen 1.1%, 1.7% en 1.8%, waarna dit in 2027 2.0% bereik. Die SARB het dit wel duidelik gemaak dat hierdie groeivooruitsig positiewe potensiaal inhou.

Die MBK se verklaring het ook na die onlangse veranderinge in die toeganklikheid van aftreegeld verwys. Die verwagte onttrekking uit die tweepotstelsel vir aftreespaargeld is van R40 miljard na R51 miljard in die laaste kwartaal van 2024 verhoog, met 'n groter deel wat aan verbruik, eerder as skuldterugbetalings, geallokeer sal word.

Die markte het kennis geneem van Trump se keuse van Tesourie-sekretaris, Scott Bessent, wat beskou word as 'n meer gematigde en konvensionele opsie en wat, onder andere, in die verlede na tariewe verwys het as 'n onderhandelingsinstrument wat "geleidelik en laag vir laag" ingebring moet word. Hierdie narratief is onmiddellik uitgedaag deur Trump se belofte op 20 Januarie om, via 'n uitvoerende bevel, 'n 25%-tarief op alle produkte wat van Kanada en Meksiko na die VSA ingevoer word, op te lê. Volgens Trump sal hierdie tariewe in plek bly tot hierdie lande dwelms, veral fentaniël, stopsit en onwettige migrante verhinder om Amerika deur hul grense binne te kom. Trump dreig verder ook met 'n "bykomende 10%-tarief, bo enige bykomende tarief" op alle Chinese produkte wat na Amerika ingevoer word totdat China die versending van fentaniël na Amerika stopsit.

Meksiko, China en Kanada is die drie grootste uitvoerders in waarde na Amerika wat gesamentlik meer as 40% van Amerikaanse invoere uitmaak. Die tariewe op Meksiko en Kanada sal oënskynlik die bepalinge van die VSA-Meksiko-Kanada-handelsooreenkoms wat deur Trump in 2020 onderhandel en by wet aangeteken is, en wat nie weer voor 2026 heronderhandel sal word nie, oortree. Sommiges reken dat Trump moontlik met hierdie dreigemente probeer om hierdie heronderhandelinge te vervroeg. Die aanvanklike reaksie in markte was 'n aansienlike versterking in die Amerikaanse dollar teenoor die Meksikaanse peso, die Kanadese dollar en die Chinese yuan, en 'n kleiner styging teenoor ander geldeenhede.

Die invloed van meer gematigde stemme op die nuut-verkose president is nog nie duidelik nie. Hy teiken ook nie nêr sy naaste bure nie ...

... sy dreigement van 100%-tariewe op die sogenaamde BRICS-nasies indien hulle nie verder die Amerikaanse dollar sou gebruik nie, het, byvoorbeeld, 'n opskudding in markte en internasionale verhoudings veroorsaak. Vroeg-Desember het hy geëis dat die BRICS-nasies instem om nie 'n nuwe geldeenheid te skep of enige ander geldeenheid as plaasvervanger vir die Amerikaanse dollar sal ondersteun nie, en hulle selfs met strafregtelike heffings op hul invoere gedreig indien hulle nie daarby hou nie. "Ons benodig 'n verbintenis van hierdie lande dat hulle nie 'n nuwe BRICS-geldeenheid sal skep nie, en ook nie enige ander geldeenheid sal ondersteun om die magtige Amerikaanse dollar te vervang nie, anders sal hulle 100%-tariewe in die gesig staar en hul verkope in die wonderlike Amerikaanse ekonomie moet groet," het Trump in 'n plasing op sy sosiale media-platform, Truth Social, geskryf. "Hulle kan 'n ander dwaas gaan soek! Daar is geen kans dat die BRICS-nasies die Amerikaanse dollar vir internasionale handel sal vervang nie en enige land wat dit probeer, kan maar afskeid neem van Amerika."



MARKPRESTASIE

Ontwikkelde markte se aandele het 'n goeie maand aangeteken (MSCI Wêreldindeks +4.6% op) namate die "Trump trade" begin inskop. Dit verwys na die verwagting dat die nuwe Amerikaanse president se beleide ten gunste van groei, pro-Amerika en, in die algemeen, meer inflasionêr sal wees.

In kontras hiermee was daar in November 'n afverkoping in ontluikende markte se aandele (MSCI Ontluikende Markte -3.6% af) aangesien die inkomende Amerikaanse administrasie se voorgestelde proteksionistiese beleide 'n beduidende risiko vir hierdie deel van die mark inhou.

Suid-Afrikaanse aandele het as gevolg van swak prestasie deur die hulpbronnesektor 'n negatiewe maand beleef (-0.9%), ten spyte van sterk prestasie deur kleinhandelaandele. Pick n Pay, Pepkor, Mr Price en Foschini het almal dubbelsyferprestasie aangeteken, maar platinum- en goudmyners het ongelukkig treurig gevaar. Plaaslike effekte het sterk herstel (3.0% op) te danke aan laer inflasie en repokoerse, beter fiskale vooruitsigte en seisoenale faktore wat steeds ondersteunend is.

Na die verkiesing van Trump as president, het die Amerikaanse dollar sterker verhandel teenoor die meeste van hul handelsvennote se geldeenheide, met die euro wat veral swaar gekry het. Die rand het teenoor beide die Amerikaanse dollar én die Britse pond verswak, maar darem 'n bietjie teenoor die euro versterk.

Die waarde van goud het gedurende die maand gedaal en olie het stabiel gebly aangesien die globale ekonomiese groeivooruitsigte nie veel verander het nie.

MARKINDEKSE ¹	30 NOVEMBER 2024		
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)	3 maande	12 maande	5 jaar ²
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	2.1%	16.0%	13.0%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	5.3%	47.8%	2.0%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	4.7%	19.3%	10.0%
SA kontant (STeFI)	2.0%	8.5%	6.1%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	6.3%	22.4%	17.8%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	0.2%	7.2%	8.0%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	0.3%	-0.3%	2.8%
Rand/dollar ³	1.7%	-4.7%	4.3%
Rand/sterling	-1.6%	-4.3%	3.9%
Rand/euro	-2.9%	-7.7%	3.4%
Goudprys (USD)	6.5%	30.4%	12.6%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-7.4%	-11.9%	3.2%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

HET JY GEWEET?

DIS LONEND OM NIE TE LOER NIE

“If you drink much from a bottle marked ‘poison’ it is certain to disagree with you sooner or later.”
Alice, from Alice in Wonderland

Ons kan nie ontsnap van die feit dat die lewe uit die een besluit na die ander bestaan nie. Selfs wanneer jy geen besluit neem nie, is dit 'n besluit om nie een te neem nie. Ons kan net sowel leer hoe om beter besluite te neem.

Vroeër vanjaar is 'n pionier in die veld van gedragseconomie (of meer eenvoudig, die verstaan van menslike besluitneming) op die ouderdom van 90 oorlede. Daniel Kahneman was 'n Israelies-Amerikaanse sielkundige wat veral bekend was vir sy navorsing oor die sielkunde van oordeel en besluitneming, sowel as gedragseconomie waarvoor hy en Vernon L. Smith saam die 2002 Nobelprys vir Ekonomiese Wetenskappe ontvang het.


Een van die teorieë wat Kahneman en sy kollegas (onder andere Amos Tversky) voorgestel het, was die “Prospect Theory”. Dit staan ook bekend as verlies-aversie. Tversky en Kahneman het voorgestel dat verliese 'n groter emosionele impak op 'n individu het as 'n gelykstaande hoeveelheid wins. So wanneer iemand hul opsies op twee maniere aangebied word – en albei bied dieselfde resultaat – sal die persoon waarskynlik die opsie kies wat ooglopend wins bied.

Byvoorbeeld, gestel die eindresultaat is die ontvangs van \$100. Een opsie is om \$100 direk te ontvang. Die ander opsie is om \$200 te ontvang en dan \$100 te moet teruggee. Die nut van die \$100 is presies dieselfde in albei opsies. Mense is egter meer geneig om die direkte ontvangs van die kontant te kies aangesien só 'n wins oor die algemeen as beter beskou word as om eers meer kontant te hê, maar dan 'n verlies te ly.

Dieselfde is waar wanneer dit by die monitering van beleggingsportefeuljes kom. Ons word totaal oorlaai met marknuus. Hetsy op X, Bloomberg, Google Finance of 'n daaglikse opdatering op WhatsApp, beleggers word gebombardeer met dit wat “vandag in die markte gebeur het”. Verskeie markaanwysers word aangehaal en gewoonlik word enige beweging in die vernaamste aandelemarkindeks eerste genoem. Wanneer die plaaslike radio-omroeper dus tydens die spitstydprogram noem dat die Indeks vir alle aandele die dag 1% laer afgesluit het, het dit 'n groter emosionele impak op beleggers as 'n 1% styging. Dag in en dag uit word hierdie daaglikse syfers gerapporteer, en dag in en dag uit is die impak van die negatiewe emosies groter as die potensiële positiewe sielkundige impak van goeie opbrengste.

Gebaseer op data van meer as 20 jaar, het die FTSE/JSE Indeks vir alle aandele die dag byna 47% van die tyd in die rooi afgesluit. Dit beteken dus dat dit amper 'n muntskiet is of vandag goeie nuus of slegte nuus sal wees. Beleggers wat hul portefeulje daagliks dophou, sal dus byna nét so gereed teleurgesteld as tevrede wees, maar met die teleurstellings wat 'n veel swaarder impak op die psige het as die vreugde van 'n goeie dag.

Hier is die interessante ding – markte het die neiging om oor tyd te styg. Dieselfde belegger wat nou slegs na weeklikse opbrengste kyk, sal net 43% van die tyd teleurgesteld wees. Die belegger wat maandeliks kyk, slegs 38% van die tyd, en oor rollende kwartale is die aandelemark net 'n derde van die tyd in die rooi:




Hoe meer tyd tussen die monitering van portefeuljes verloop, hoe beter sal die uitkoms wees – mens kan n patroon sien vorm. Oor periodes van een jaar lank is die mark slegs een keer elke ses jaar in die rooi en oor drie jaar is die mark feitlik altyd hoër.

Eerstens kan daar dus gesê word dat dit beter is vir jou gesondheid om jou portefeulje nie te gereeld te monitor nie. Daar is ook 'n tweede les – belê in 'n gediversifiseerde portefeulje van bates. Die illustrasie hier onder verwys na 'n suiwer Suid-Afrikaanse aandeleportefeulje. Die meeste beleggers sal waarskynlik in 'n wye verskeidenheid bates belê, plaaslik en oorsee. Kom ons noem dit 'n gebalanseerde fonds.

HET JY GEWEET?

'n Ontleding van die drie grootste gebalanseerde fondse in Suid-Afrika dui daarop dat hulle nie net tipies minder “af” dae as die aandelemark het nie, maar ook drie keer minder geneig is om na drie jaar in negatiewe gebied te wees, ook in vergelyking met die plaaslike aandelemark:



Daar is ook 'n derde les. Sorg dat jy in kontak is met 'n betroubare adviseur om jou teen jou eie gedragsvooroordeel te beskerm. So beskerm jy jou spaargeld, maar skep ook tyd aan die einde van die jaar om 'n bietjie vakansie te hou (al is dit 'n “staycation”). Monitor eerder jou hartklop, kalorie-inname of oefenskedule. Of selfs jou koue biervoorraad, as jy moet.

Dit sal aansienlik beter wees vir jou fisiese en emosionele welstand as om jou portefeulje gedurig dop te hou.

Geseënde feesgety!



Disclaimer

The information provided is of a general nature only and does not take into account investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities ("CIS") are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance. Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.